

Hoofstuk van die dag: 2 Korintiërs 2

> *Ons is die wierook wat deur Christus vir God gebrand word, waarvan die geur dié bereik wat gered word, sowel as dié wat verlore gaan. (2 Kor 2:15)*

As Paulus praat van die triomftog van Christus waaraan ons

deel het (vers 14), kan ’n mens maklik die idee kry dat dit ’n glorieryke saak is. Die beeld wat hy gebruik, is immers dié van ’n generaal se triomftog ná ’n suksesvolle veldslag. Daar is gelowiges wat triomfantelisties lewe, asof die oorwinning húlle prestasie is. In vers 15 lees ons egter dat Paulus sê ons is die wierook wat gebrand word; ’n offer, dus. Deur ons offerdiens in Christus versprei die aangename geur van sy oorwinning in die wêreld. Nie iets glorieryk nie; dit gaan om diens.
Die vraag is: Versprei jy die geur van Jesus se liefde, omdat mense in jou liefdevolle en bedagsame optrede iets van God se liefde ervaar? Versprei jy die geur van die grootheid van God se genade, omdat mense jou leer ken as iemand wat self genadig, ruimhartig en vergewensgesind is? Versprei jy die geur van die opstandingskrag van Christus, omdat mense in jou lewe kan sien dat God se Gees ’n mens regtig kan verander, en anders kan laat leef?
Dít is die uitdaging.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026